‘n Waterskeidingsjaar vir demokrasie in Suid-Afrika: dis hoe 2024 deur talle persone en instansies beskou word.

Ons kyk nie net terug op 30 jare ná ons eerste demokratiese in 1994 nie, maar gaan ook op 29 Mei vir die sewende keer na die stembus – en dit in ‘n verkiesing waaraan ‘n rekordaantal partye en onafhanklike kandidate deelneem.

Vir die eerste keer ná 1994 is daar ‘n sterk moontlikheid dat daar op sowel nasionale vlak as in meerdere provinsies nie ‘n enkele party gaan wees wat ‘n volstrekte meerderheid behaal om op sy eie ‘n regering te vorm nie.

Die implikasie hiervan is dat vanjaar se verkiesing waarskynlik gevolg gaan word deur ‘n wisselvallige en riskante tydperk van koalisievorming. Verskeie scenario’s word voorsien, elk met verreikende implikasies vir die politieke en ekonomiese stabeliteit van ons land.

Die situasie word verder vertroebel deur verskeie individue en partye wat wantroue uitspreek teenoor die verkiesingsproses én teen die regstelsel wat die finale arbiter in die geval van ‘n betwiste verkeising gaan wees.

Dit alles maak dit uiters belangrik dat die burgerlike samelewing uiters waaksaam te wees oor die integriteit van die demokratiese prosesse vóór én ná die verkiesing. Opportunistiese optrede kan maklik daartoe aanleiding gee dat demokratiese seggenskap van die burger ernstig gekompromiteer kan word met rampspoedige gevolge vir die toekoms van ons demokrasie.

‘n Organisasie soos Defend Our Democracy (DOD) is een van die groeperinge wat in hierdie verband ‘n sleutelrol kan speel. Dié organisasie is reeds geruime tyd besig om deur hulle Election Watch-inisiatief seker te maak dat daar behoorlike oorsig oor die verloop en afloop van die die verkiesing sal wees. Terselfteryd het die groep reeds verskeie gesprekke en werkwinkels met politieke rolspelers geinisiëer met die oog op die proses van koalisievorming ná die verkiesing.

Die goeie nuus van hierdie en ander insisiatiewe is dat die burgerlike samelewing vir die eerste keer sedert die 1980’s en vroeë 1990’s gemobiliseer word om aktief betrokke te raak by die beskerming en versterking van ons demokratiese bestel. En dít in ‘n tyd waar daar wêreldwyd druk op demokrasie as sodanig uitgeoefen word.

Só kan 2024 ‘n nuwe era van demokratiese bestendigheid inlui wat daartoe kan lei dat die reuse maatskaplike uitdagings van ons samelewing behoorlik aangespreek kan word. Die mense van Suid-Afrika verdien dit.